Kom, Heilige Gees!

Tien dae van gebed voor Pinkster

10 – 20 MEI 2018

Ons moedig u aan om die **'Onse Vader'** daagliks te bid, volgens Matteus 6:9-13, vir die volgende 11 dae tot Pinkster.

10 Mei 2018

Dag 1 - Onse Vader wat in die hemel is (Matteus 6:9-13)

Ons buig ons knieë *vandag voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang. Dankie dat U Jesus Christus, U enigste Seun, gestuur het. Deur Sy dood en opstanding kan ons in U teenwoordigheid kom. Dankie vir die gawe van u Heilige Gees wat ons as U kinders aangeneem het. Dankie dat ons U "Ons Vader" kan noem. Dankie dat ons, as U aangenome kinders, dieselfde erfenis as Christus Jesus het. Mag ons U ken soos Jesus U ken. Ons het U lief omdat U ons eers liefgehad het.*

11 Mei 2018

Dag 2 - Laat U Naam geheilig word (Matteus 6:9-13)

Heilige Vader, Mag U waarlik deur hierdie volk aanbid word. Vandag verklaar ons dat U die enigste ware God is. U is barmhartigheid en vergewe – dit demonstreer U deur diee lewe van U Seun Christus Jesus. U is uniek, en daar is niks in die hele skepping wat met U vergelyk kan word nie. Ons bid dat ons, deur ons liefde vir U en ons bure, U medelye kan uitleef teenoor alle mense in ons land. Mag U vereer en aanbid word en mag mense U met eerbiedige gehoorsaamheid dien.

12 Mei 2018

Dag 3 - Laat U koninkryk kom (Matteus 6:9-13)

Jesus Christus, U het gekom om u koninkryk hier op aarde te vestig. U het die siekes genees, die wat honger is gevoed en duiwel besetenes bevry. Dankie dat ons wat deur die Heilige Gees wedergeborene is, deel is van U koninkryk. Ons bely vandag ons selfsugtige en selfgesentreerde lewenstyl. Jesus, vandag nooi ons U om in ons harte te heers. Mag ons U krag van vergifnis en vryheid van sonde beleef. Vandag wy ons onsself daaraan om te lewe soos U beplan het. Vandag verbind ons onsself om U goeie nuus met ander te deel. Ons bid vir ons vriende en bure. Jesus, mag ons deur ons gehoorsaamheid, meer soos U wees. Kom, Here Jesus, ons verwelkom U in ons land. Vestig u koninkryk in ons land.

13 Mei 2018

Dag 4 - … laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde (Matteus 6:9-13)

Vader van die skepping, U het gewaarsku dat net diegene wat U gehoorsaam, u koninkryk sal binnegaan. Vandag lê ons al ons agendas en planne neer. Mag ons U goeie, en perfekte wil vir ons lewens en in ons gemeenskappe ervaar. As U dienaars, wy ons weer ons lewens aan U toe. Dit is nie ons begeerte om te voldoen aan die wêreld se standaarde nie. Ons vra U om ons ingesteldheid, gewoontes en lewenstyl te verander. Laat U wil geskied dat almal in ons land u vergifnis, wat deur Christus aangebied word, sal erken.

14 Mei 2018

Dag 5 - Gee ons vandag ons daaglikse brood (Matteus 6:9-13)

Ons Vader en Voorsiener, U het ons land geseën met minerale en landbou rykdom. Tog is baie arm en leef hulle in armoede. U het belowe dat uit U oorvloedige stoorkamer, U voorsiening sal maak vir al ons behoeftes. Ons vra dat U asseblief die pleidooie van die armes sal verhoor en beantwoord. Die werkloses, die haweloses en hulle wat honger is, roep uit na U vir hulp. Miljoene ly aan MIV/VIGS, en baie is wees gelaat. Bewys U genade aan hulle en hoor op hul pleidooie.

15 Mei 2018

Dag 6 - En vergeef ons ons skulde (Matteus 6:9-13)

Vader van genade, dankie dat ons U deur Jesus Christus kan nader. Ons erken dat ons dikwels teen rebelleer en nie altyd U gebooie gehoorsaam en U wil soek nie. Ons bely dat ons afgode aanbid het en die geeste wat lei tot die dood, tevrede gehou het. Ons het aan seksuele versoeking toegegee, ons het nie getrou gebly aan ons huweliksmaats nie en ons het ons jongmense nie geleer om in seksuele reinheid te lewe nie. Ons het toegelaat dat haat en wraak in ons harte houvas kry. Vir geslagte het ons mense gely as gevolg van geweld en bloedvergieting. Ons het ons bure bedrieg deur beloftes nie na te kom nie en onregverdige wette. Ons verootmoedig ons voor U en vra dat U alle gevolge van ons sonde en opstand vergewe sal verander en ons weer tot seen vir mekaar sal maak.

16 Mei 2018

Dag 7 - Soos ons ook ons skuldenaars vergewe (Matteus 6:9-13)

Vader van Medelye, vandag kies ons om Christus se voorbeeld te volg. Ons kies om ons vyande lief te hê. Vir honderde jare is mense se lewens deur slawerny, geweld, onderdrukking en oorlog verwoes. Vandag kies ons om almal te vergewe wat ons onreg aangedoen het. Ons kies om leiers, stamme en nasies wat ons onderdruk het, te vergewe. Ons vergewe diegene wat die rykdom van ons volk gebruik het om hulself te verryk. Ons vergewe ons voorvaders vir die gevolge van hulle sondes, wat nog steeds 'n uitwerking op ons generasie het. Here Jesus, U alleen kan genesing bring aan ons land se mense. Genees asseblief ons mense van wraak, bitterheid en wanhoop. Raak ons volk aan met U Gees van onvoorwaardelike vergifnis.

17 Mei 2018

Dag 8 - Lei ons nie in versoeking nie, (Matteus 6:9-13)

Regverdige Vader, vandag kies ons om U troon te nader. Van regoor ons land gee ons onsself aan U oor. Ons wil ons lewens aan U alleenlik toewy. Dankie vir die gesag wat ons in Christus het om die duiwel te weerstaan. Help ons asseblief om die vele versoekings van die wêreld te oorkom. Mag ons altyd bereid wees om vinnig te reageer op die oortuigings van u Gees. Gee ons U oorwinning in hierdie lewe sodat ons die kroon van die lewe kan ontvang.

18 Mei 2018

Dag 9 - Verlos ons van die Bose (Matteus 6:9-13)

Almagtige Vader, vandag verklaar ons: Ons land sal nie meer deur sonde en dood verwoes word nie. Satan sal nie meer jurisdiksie hê oor die mense of ons land nie. Al die etniese groepe en vreemdelinge in ons land sal aan U lof bring, en U eer voor die nasies.

19 Mei 2018

Dag 10 - Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen. (Matteus 6:9-13).

Almagtige Vader, ons vra dat U ons land sal besoek. Vestig U kragtige teenwoordigheid in ons gemeenskappe. Mag die nasie U genesing, genade, liefde en deernis ervaar. Mag elke persoon in hierdie land Jesus Christus as hul hoogste gesag en heerser erken. Ons spreek U seen uit oor die mense van ons land: "Die HERE sal jou seën en jou bewaar; die Here sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees." Amen

20 Mei 2018

Pinkster: Uitstorting van die Heilige Gees

Uitstorting van die Heilige Gees: Bid vandag, soos soveel duisende kere in die geskiedenis van die kerk, dat God die Vader Sy Gees weer op die kerk sal uitstort. (Handelinge 4:31; 8: 15-16; 10:44; 11:15). Dit was in sulke tye van geestelike herlewing dat God lande en nasies totaal verander het. Lees die bogenoemde Skrifgedeeltes. Vra die Heilige Gees om met jou te praat. Bid dat God jou hart sal aanraak om vurig te bid vir die kragtige werking van Sy Gees in ons land.